

## 5. WETENSKAPLIKE BELANGSTELLING — 'N EERSTE AANDUIDING

Antoine Nicholaas Ernst Changuion (1803-1881)<sup>1)</sup> is aangestel as professor in die klassieke en moderne tale, veral Nederlandse lettere, aan die pasgestigte Zuid-Afrikaansche Athenaeum (die Universiteit van Kaapstad het hieruit voortgekom). Hy het in Leiden gestudeer waar toe 'n verhoogde belangstelling vir Middelnederlands en taalgeskiedenis bestaan het, insluitende die opkomende dialekstudie. Einde 1831 het hy hierheen vertrek.

Die Kaap en omgewing was toe nog hoofsaaklik „Hollands.” Met jeugdige ywer het hy hom op die bevordering van Nederlands hiertelende toegelê, en was ook verbonde aan die redaksie van die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift*.

Op grond van sy kennis van plaaslike toestande het hy sy aandag teen 1840 veral aan die Nederlandse taalbelange gewy. In openbare voorlesings het hy ook sy plan meegedeel om 'n grammatika vir die Kaapse jeug te skryf. Die *Geslachtswijzer der Nederduitsche Taal* (1842) is 'n poging om die Nederlandse geslagsreëls, waarmee die jongmense en ander gesukkel het, te sistematiseer. Sy *First Book of Exercises for the use of the Dutch classes in the Government Schools* (1843) bevat herhaaldelik voorbeelde van „barbarisme,” d.i. Afrikaanse wendinge, waarvan hy die korrekte Nederlandse gebruik aangee. Hy koester nog die hoop om die „foute” deur voorligting en oefening uit die spreektaal verwyder te kry.

Toestande het omstreeks 1840 vinnig versleg. Die Engelse Free Schools wat leeggeloopt het, word ná die

<sup>1)</sup> Lewenskets by E. Conradie, *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika*, I, 276-293, waaraan ek besonderhede ontleen.

toegewings wat ten opsigte van die onderwys van Nederlands ('n bietjie vertaal oefeninge) in 1839 gedoen is, weer druk besoek, en die verengelsing in die skole neem hand oor hand toe. Changuion self het die Athenaeum in 1842 op grond van die bestuur se begunstiging van Engels uit protes bedank en sy eie Instituut as 'n teenwig gestig.

In die tyd verskyn sy hoofwerk *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld, zynde een handleiding tot de kennis dier taal, naar de plaatselyke behoefte van het land gewyzigd*" (1844; tweede druk 1848). Die titel gee sy doel en ideaal aan, maar in die *Voorrede* erken hy dat hy twyfel of Nederlands nog hier „herstel" kan word. Sy twyfelmoedigheid kom vanweë „zoo veel nieuwe proeven van onverschilligheid ten aanzien van de Nederlandsche taal . . . Thans beschouwen wij de taal, waaraan wij onze moeite besteden, gelijk een geneesheer een ongeneeslijken lijder, wiens kwaal in hare verderflijke uitwerkingen wel eenigszins kan gematigd, wiens gewissen dood wel eenigen tijd kan vertraagd worden, maar op wiens volkomen herstel niet meer te hopen valt."

Ons moet dr. Changuion se swaarmoedigheid waarskynlik begryp in die lig van die vooruitgang van Engels, waardeur hy bv. die Athenaeum moes verlaat, die agterstelling van Nederlands in die leerplan, en miskien ook die toename van Afrikaans as spreektaal, waaroor straks meer. Ons staan hier in elk geval aan die begin van die tydperk waarin Engels deur die leiers self in hulle inrigtings binnegehaal word, dus waar die dwang nie meer net van buite kom nie.

In sy grammatikaboek self kom herhaaldelik verwysings na „Kaapsch" voor; sommige kenmerke noem hy plat, bv. „geëet" (113), „geverloren" (96), van ander sê hy hulle is „Hottentotsche" spreekwyses, soos „ek is, ek heef, ons het" (100); origens noem hy hulle net „Kaapsch Taaleigen." Oor die uitspraak maak hy die

vasstelling „dat de beschaafde klasse overall haar best doet om het kenmerkende der Kaapsche spraak af te leggen en dat veel van de hierboven opgegeven voorbeelden in de platte taal der onbeschaafde klasse t’huis hooren. Wie de Kaapsche tongval verzaakt wordt gezegd *boog* Hollandsch te spreken. Een Engelsman spreekt doorgaans plat Kaapsch.”(23).<sup>1)</sup>

Na die grammatika-gedeelte kry ons agterin die boek as ’n toegif eers oor die drie bladsye *Inleidende Aanmerkingsen*, en dan twintig bladsye met Afrikaanse woorde en wendinge, en met grammatiese opmerkinge daar tussen in. Die toegif heet *Proeve van Kaapsch Taaleigen*.

Changuion het daarmee tweërlei beoog: as pedagoog wou hy die weg aantoon hoe Kapenaars hulle taal van die barbarismes kan suiwer, en as wetenskaplike wou hy sy landgenote ’n proef van Kaapse „gewestelijke spraakverscheidenheid” gee. Oor die eerste doel (naamlik van suiwering) is hy weer baie pessimisties, en hy beskou „de dagelijksch toenemende onverschilligheid op dit stuk een natuurlik gevolg van gebrek aan nationaliteit.”

Sy lys woorde het net betrekking op die taalgebruik in Kaapstad alleen, en is nie volledig nie, erken hy. Hy wou nie alles in „de platte Kaapsche spraak nabootsen” nie, eerstens omdat dit onprakties is, en „deels omdat die taal *in bare zuiverheid* alleen door Hottentotten en ander gepeupel gesproken wordt . . .”(v).

Na ’n verblyf van oor die twaalf jaar in die land maak ’n opmerksame taalkenner soos Changuion uitlatings op grond waarvan ons meen dat ons die volgende skakerings van Nederlands vir die tydperk om 1840 kan onderskei:

1. Suiwer Nederlands, soos deur gebore Nederlanders gepraat;

<sup>1)</sup> As ’n voorbeeld hiervan kan miskien die volgende geld, aangehaal in die hoofartikel van *De Zuid-Afrikaan* (Junie 1830): „Sie jy wel? Jou maaster kaat na die tronk, because hie slaan for je lui” (lees: julle). Dit word deur ’n Engelsman aan ’n slaaf gerig. Die redakteur destyds was Boniface.

2. Hoog-Hollands, die taal van die Kaapse burgerkringe wat die kenmerkende van hulle Kaapse uitspraak wil aflê;

3. Plat-Kaaps van ander blankes en die Engelse;

4. Plat-Kaaps „in hare zuiverheid” gepraat deur die Hottentotte en ander „gepeupel” (waarskynlik Maleiers en ander nie-blanke groepe).

Dit stem vrywel ooreen met wat dr. Lichtenstein ons meegedeel het.

Dr. Changuion se verdienste is oneindig groter as die van dr. Lichtenstein. Sy *Proeve* moet beskou word as die eerste wetenskaplike katalogus van Afrikaanse woorde en segswyses, al moet ons die bepaling „wetenskaplik” besonder wyd neem sodat dit slaan op die gees en belangstelling en nie op die werkwyse of feite nie. Hy het die grondslag gelê van ons woordondersoek, is daarvan die gangmaker en wegbereider, en latere belangstellendes sal ’n ruim gebruik van sy gegewens maak, bv. Stoffel (1882), Mansvelt (1884) en Te Winkel (1896). Laasgenoemde haal bv. uit hom twyfelagtige gevalle aan soos *interval* vir *inval*; *klavernet* vir *klarinet*; *parmentorig* vir *styfhoofdig*; ens.

Kon Changuion sy lys nie aan die wens laat beantwoord om die taal te suiwer nie, dan het hy daarmee wel die wetenskaplike belangstelling geprikkel en bevorder.

Afgesien van dié erkenning kan ons net op die miskenning van sy *Proeve* ten onsent kortliks let. Om enigszins duistere redes val die bekende figuur in die letterkundige kringe van daardie dae, J. Suasso de Lima, Changuion onmiddellik heftig aan in ’n brosjure: *De Taal der Kapenaren, verdedigd tegen de schandelijke aanranding derzelve van Professor Changuion* (1844). De Lima beweer wel dat die Kaapse spraak nie korrek is volgens die spelreëls van Siegenbeek en Wieland nie (hy sien taal dus as letters, as iets doods en staties), maar hy maak beswaar dat Changuion se voorbeelde op

die taal van die burgerkringe moet slaan. Daardie voorbeelde is tekenend van die taal van onbeskaafdes, Hottentotte e.a.

Die presiserende betekenis van De Lima se verdediging lê daarin dat hy ons nader inlig oor die *verbreidheid* van die Kapenaars se Hoog-Hollands, wat in die burgerkringe van 1844 vrywel nog algemeen was. As blanketaal sal Afrikaans teen die tyd alleen onder die buitemense algemeen gepraat wees, en in stedelike omgewings onder die laere maatskaplike kringe. De Lima, wat van 1818 aan die Kaap verblyf het en wie se verdediging vir Kaapse lesers bedoel was, sal wel nie onwaarhede opgedis het nie, al is die uitbarsting van sy opgegaarde woede teen Changuion nie van pas of billik nie. Changuion het self op die verskil tussen plat en beskaaf gewys. Aan die ander kant ontken De Lima afwykings ook nie; hy hoef dus nie in flagrante teenspraak met homself te wees nie waar hy twintig jaar vroeër (1823) gesê het dat die Nederlandse taal hier so agteruitgaan vanweë 'n tekort aan leiers: „als wordende hier over het algemeen de Nederduitsche taal zeer slecht gesproken, dat meestdeels toe te schrijven is aan de slaven, aan welke de Kaapse jeugd zoo zeer is toevertrouwd.”<sup>1)</sup>

De Lima was nie die enigste wat oor die *Proeve* gebelg was nie. In *De Zuid-Afrikaan* (15 Desember 1851) kom 'n brief van Changuion voor waarin hy hieroor iets sê: „Toen ik voor ruim zeven jaren mijne Nederduitsche spraakkunst . . . in het licht gaf, hoorde ik van meer dan eenen kant, dat ik het by menigen Kaapenaar verbruid had door mijne bygevoegde „Proeve van Kaapsch Taaleigen.” Het speet my toen dat er menschen waren die mijne bedoeling miskenden en mij voor iemand uitkreten, die uit boosaardigen spotlust de bevolking eener kolonie, van wier inwoners hij veel goeds genoten had, wegens

---

1) Aanhaling by Conradie: *Hollandse Skrywers*, I 234.

wanspraak aan de kaak stelde. Hoe zeer mij dit verdroot, vond ik het niet raadzaam mij toente verantwoord, omdat zulke beoordeelaars niet gemakkelijk te overtuigen zijn . . .”

Hy vertel verder oor die gunstige ontvangs van sy grammatika in Holland, dat dit daar herdruk sou word en dat hy met die gewone lidmaatskap van die Maatschappij van Nederlandsche Letterkunde te Leiden vereer is. Dan voeg hy 'n brief van H. N. van der Tuuk uit Wes-Sumatra by, waar in sommige Oosterse bestanddele van Changuion se lys Afrikaanse woorde aangetoon word.

As ons na die rede van die misnoegdheid vra, kom ons by 'n interessante vasstelling uit. Die ontevredenheid sal telkens by enige opmerking, hoe onskuldig soms ook bedoel, losbreek wanneer die opmerking regstreeks of verskole inhou dat die „plat Kaapsch” die moedertaal van die Afrikaner is. Dan ontstaan 'n toestand van gespannenheid: aan die een kant die werklikheid, aan die ander kant die tradisie en ou ideaal. In hierdie spanning spreek die gevoel mee en gee soms aanleiding tot kantkiesery en brandende veroordeling of vinnige uitskellery.

Van Engelse kant sal dieselfde dinamiek vaardig word indien die beskermde alleenheerskappy van die regerings-taal op enige wyse aangetas of bedreig word.